

**23 Julie**

**God seën die wat Hom vrees**

**Skrifgedeelte: Prediker 9:1-10 (9) (OAV)**

**Fokusgedeelte: Prediker 9:9**

William Wallace (Braveheart) sê 'n merkwaardige ding voordat sy vyande hom uitneem om ter dood gemartel te word: "Alle mense sterf, maar nie alle mense leef werklik nie."

In Prediker 9 hoor ons dat die skrywer iets hiervan verwoord deur te sê dat dieselfde lot almal tref. Dit is die bedeling "onder die son". Daar is min dinge wat sou beteken dat 'n mens werklik onder die son geleef het. Onder andere is dit om te geniet wat jy doen, omdat God dit ken (vs 7), om jouself goed te versorg (vs 8), en dan die hoogtepunt, om die lewe met die vrou wat jy liefhet, te geniet. Die hartseer en die pyn om onder die son te lewe, sal altyd by 'n mens bly, maar God gee seëninge vir hom wat hierdie lewe aangryp deur Hom te vrees (vgl. Ps 128).

Die huwelik tussen twee mense wat deur God voorberei is, is seën op harde werk. Dit is hoe God in swaar tye bystand gee, hoe Hy dit vir ons draaglik maak. Die vraag is: Leef jy werklik saam met jou huweliksmaat, of verdra julle mekaar maar net? Ja, die huwelik is 'n verbond van God wat onder die son gesluit word, dit is vol sonde. Maar die genieting lê juis daarin dat ons saam in die huwelik mag leef, met die oog op die ewige lewe bo die son. Geniet die lewe, geniet die huwelik!

*Sing: Psalm 128: 2 (1936-beryming)*

*Ds. Henning Venter (Bellville-Oos)*